

KONINKRYK. SUPPLEMENT 8

[DIE GELYKENISSE VAN JESUS] IEMAND WAT 'N REGSAAK TEEN JOU BEGIN

Die gelykenis van “Iemand wat ’n regspraak teen jou begin” in Matteus 5:25-26 is ’n gelykenis oor **VERGEWING IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

Lees Matteus 5:25-26.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge. Sommige mense beskou dit nie as ’n gelykenis nie. Tog is dit ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit maak gebruik van die prosedures in ’n regspraak om ’n geestelike boodskap te illustreer. Die verhaal van ’n bekende prosedure in ’n wêreldse regspraak word in die vorm van ’n vermaning vertel.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 5:21-24.

Dit bestaan uit twee dele:

Matteus 5:21-22 is die uitleg van die sesde gebod. Uitleggers stem nie met mekaar saam oor hoe die derde naamval in Matteus 5:21 vertaal moet word nie. Sommige¹ vertaal as volg: “Julle het gehoor dat teen die ou mense gesê is.” Dit beteken dat Moses in die Wet iets teen die vaders in Israel gesê het en dat Jesus hier ’n toon van meerderwaardigheid oor die Mosaïese Wet aanneem.

Ander vertaal as volg: “Julle het gehoor dat deur die ou mense gesê is.” Dit beteken dat die vroeër uitleggers van die Wet (die rabbyne) iets gesê het en dat Jesus nie hiermee saamgestem het nie of in elk geval as gevaarlik onvolledig beskou het.

Die tweede vertaling is om die volgende redes juis. Jesus sou nie die Wet in Matteus 5:17 bevestig en daarna in Matteus 5:21 opsy skuif nie. As Jesus verwys het na wat Moses in die Wet beveel het, dan het Hy ander woorde gebruik soos: “Moses het beveel” of “Daar staan geskrywe” (Matteus 4:4,7,10). Latere Joodse geskryfte gebruik die uitdrukking: “die vaders uit die oudheid” en verwys daarmee na hul vroeëre leraars soos rabbi Hillel en rabbi Shammai. **Die woorde: “Julle het gehoor dat” (Grieks *hékousate*) word eerder geassosieer met die mondelinge tradisie van sulke leraars dan met die geskrewe woorde van die Ou Testament.** Die gevolgtrekking is dat “die ou mense” (Grieks: *archaiois*) die manne was wat die Ou Testament mondeling verklaar het. Hul samevatting van die letter van die Wet was nie verkeerd nie, maar die uitleg van Jesus toon aan dat hierdie rabbyne die verkeerde nadruk daaraan gegee het, soos die Fariseërs en skrifgeleerdes in die dae van Jesus nog steeds gedoen het.

Die ou uitleggers van die sesde gebod het die sesde gebod goed aangehaal: “Jy mag nie moord pleeg nie” (Eksodus 20:13). Ook die inhoud van die woorde wat hulle toegevoeg het: “Elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank”, kan in die Ou Testament teruggevind word (Genesis 9:6). Maar wat verkeerd was, was nie wat hulle gesê het nie, maar wat hulle nagelaat het om te sê, nagelaat het om dit te verklaar en nagelaat het om die juiste nadruk daarop te lê! Hierdie vroeëre uitleggers van die Ou Testament in die dae van Jesus het nie ’n volledige samevatting van die sesde gebod gegee nie. Hulle het alleen die letter van die wet toegepas, *die diepere geestelike betekenis van die wet* verwaarloos! Hulle het byvoorbeeld gesê: “Wees versigtig wanneer jy ’n geweer, mes of dwelmmiddels gebruik, want jy sou iemand daarmee kon dood maak.”

Jesus het geleer dat solank die uitleggers alleen maar die letter van die benadruk, maar nalaat om die innerlike geestelike redes vir uiterlike geweld (moord) aan mense uit te lê, hulle die Tien Gebooie gemaak het tot niks meer as ’n strafwet in die menslike maatskappy. Jesus het geleer dat die Tien Gebooie van God baie meer is dan die strafwette van die mens. Die Tien Gebooie gaan verder dan alleen maar die uiterlike oortredings en is van toepassing op die wortel van hierdie uiterlike gedrag, naamlik, op die sondige houdings van die hart wat aan die uiterlike gedrag ten grondslag lê!

¹ HSV

Die uiterlike handeling van moord begin altyd by die innerlike houding van die sondige hart. Mense kyk gewoonlik alleen na probleme wat aan die oppervlakte lê en nie na die probleme wat aan die wortel lê nie. Maar God kyk altyd na die oorsaak wat aan die wortel lê! Byvoorbeeld, bitter woorde uit die mond is 'n uitdrukking van boosheid, haat of onvergewensgesindheid in die hart!

“Raka!” (’n Aramees uitdrukking van veragting) wat so iets beteken as “’n gek”, druk veragting vir iemand in die hart uit. “Idioot” druk boosheid, haat en bitterheid teenoor ’n persoon in die hart uit. Jesus gee geen gradering vir hierdie sondes nie, maar maak één punt duidelik: Elkeen wat onopgeloste boosheid, haat en bitterheid in sy hart teen ’n ander koester, “is strafbaar met die helse vuur”, d.w.s., verdien die doodstraf van God! Die les wat Jesus leer is dat sondige boosheid, haat en bitterheid in die hart lei tot bitter woorde. En bitter woorde is in wese “moord” wat in die hart plaasvind! En tensy ’n mens hom hiervan bekeer, sal hy tot die helse vuur veroordeel word. Jesus leer dat die wortel van die sonde en alle boosheid in die hart van die mens lê. Dit is in die hart van die mens waar haat en onverskilligheid vervang moet word deur liefde; en waar skynheiligheid en selfsug vervang moet word deur opregtheid en vrygewigheid.

Matteus 5:23-24 is die toepassing van die sesde gebod. Sommige mense dink dat solank hulle hulself beheers en nie sulke gedagtes in bose en bittere woorde uitdruk nie, hulle die sesde gebod nie oortree het nie. Maar Jesus leer dat elke soort van verhouding waarin versoening nie plaasgevind het nie, ’n oortreding van die sesde gebod is. Solank iemand in disharmonie met sy broeder of suster lewe, breek hy die sesde gebod. Hy kan God nie behaag nie. Selfs as hierdie mens God uiterlik aanbid, sal God nie vertroulik met hom omgaan nie! ’n Gespanne verhouding met ’n mens lei altyd tot ’n gespanne verhouding met God! 1 Johannes 4:20 sê: As iemand sê: “Ek het God lief, en hy haat sy broer, is hy ’n leuenaar; want wie sy broer wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan ontmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie.”

As Jesus sê, ‘As dit jou byval dat jou broer iets teen jou het’, dan bedoel Hy dat die oortreding ernstig genoeg is om “’n grief” genoem te word. Jesus verwys nie alleen na regverdige griewe nie, maar na alle griewe, of hulle billik is of nie. Hy sê nie eers oor watter grief hy praat nie. Hy lê die nadruk op versoening en in harmonie lewe met die broeder. Wanneer jy weet dat jou broeder dink dat hy reg het om boos op jou te wees, dan moet jy daarna strew om met hom versoen te word!

Jesus se positiewe toepassing van die sesde gebod beteken dat die hart altyd met liefde en nie met boosheid, haat en bitterheid gevul moet wees nie. Hy leer dat solank jy weier om met jou broer versoen te word, jy God nie kan behaag nie. Dit is hierdie konteks dat Jesus “die gelykenis van iemand wat ’n regsak teen jou begin” vertel het.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in die vorm van ’n vermaning in Matteus 5:25-26.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis is die vermaning self in Matteus 5:25-26.

’n Mens moet ’n geskil met ’n teenstander so gou as moontlik oplos. Hy moet hom so vinnig as moontlik met die ander persoon versoen wat selfs alleen maar dink of voel dat hy gekrenk is. Hy moet dit so gou moontlik doen, omdat die persoon wat aanstoot neem miskien ’n regsak teen hom sal begin of al begin het. Jesus sê nie of die teenstander moreel die gelyk aan sy kant het of nie het nie. Hy noem ook nie die aard van die oortreding nie. Miskien het dit oor ’n finansiële skuld te make gehad (Matteus 5:26). Jesus plaas die nadruk nie op geregtigheid nie; d.w.s. op wie gelyk aan sy kant het nie (of gelyk aan sy kant kry nie), maar op versoening (met jou teenstander, ongeag wie gelyk aan sy kant het! Die vraag na reg en geregtigheid word hier nie bespreek nie, selfs al word dit in die laaste oordeel wel behandel!

’n Mens moet solank hy die geleentheid het die saak “buite die geregshof” besleg. Hy moet probeer om met sy teenstander onder vier oë versoen te word, sonder die inskakeling van die wêreldse geregshof. As hy dit nie doen nie, sal hy in die tronk beland en nie daaruit kom nie voordat hy die laaste sent betaal het nie.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Jesus gee geen besondere betekenis aan enige detail in hierdie gelykenis nie. Maar die konteks toon aan dat Jesus nie praat oor ’n aardse regter nie, maar oor die hemelse Regter (Matteus 6:15). Hy praat nie oor ’n aardse tronk nie, maar oor die hel (Matteus 5:22; 18:30,35). De innerlike houding van liefde teenoor alle mense is bepalend. Jesus waarsku dat wanneer iemand met boosheid, haat en bitterheid in sy hart teenoor ’n ander mens sterf, dan sal hierdie houding teen hom getuig in die laaste oordeel en sal hy nie uit die gevangenis van die hel kan ontsnap nie. Jesus impliseer dat die ware burgers van God se Koninkryk geen boosheid, haat of bitterheid teen ander mense in hul harte moet bly koester nie.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitleg of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitleg. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

“Die gelykenis van iemand wat 'n regsak teen jou begin” in Matteus 5:25-26 gaan oor “vergewing in die koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van die gelykenis is die volgende: “Die oomblik wat jy jou moet versoen met iemand is altyd onmiddellik!”

Vergewing is een van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God. Die ware burgers van God se Koninkryk stel nooit uit om hulle te versoen met 'n broeder of suster wat boos op hulle is of op wie hulle boos is, omdat “môre” te laat kan wees! Die mens wat geen erns met versoening maak nie, sal sy skuld nooit kan betaal nie.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

(1) Die letter van die wet en die gees van die wet.

Lees Genesis 4:6-7; Deuteronomium 6:5; Leviticus 19:18; Spreuke 14:17; 22:24-25; Job 5:2.

Ontdek en bespreek. Wat leer die Bybel oor die wortel van kwaad?

Aantekeninge. Die wortel van die kwaad lê in die hart. Nie die letter van die wet nie, maar die gees van die wet lê die sondige aard en houding van die mens bloot. Die ou en moderne Joodse uitleggers van die wet het geen verskoning om hul uitleg van die sesde gebod te beperk tot *die uiterlike daad* van moord nie.

Al tydens die eerste huislike geweld, het God teen Kain gesê, “Waarom is jy kwaad? Waarom is jy bedruk? Wag daar nie vir jou blydskap as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie – die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers.” God het na die innerlike houding van Kain se hart verwys, naamlik, jaloesie en boosheid.

Al in die Ou Testament het God die Tien gebooie saamgevat met die woorde: “Jy moet die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Dit is die liefde wat sowel die innerlike houding van die hart as die uiterlike gedrag van die mens moet bepaal. Boosheid maak dat mense domme dinge doen en wrok (haat) vermoor mense.

(2) Onaanvaarbare en aanvaarbare offerandes.

Lees Genesis 4:5; 1 Samuël 15:22-23; Jesaja 1:10-17; Jeremia 6:19-20; Amos 5:22-24; Miga 6:6-8; Markus 12:41-44; Hebreërs 11:4.

Ontdek en bespreek. Wat leer die Bybel oor offerandes of offers wat vir God welbehaaglik is?

Aantekeninge. Offerandes of offers wat mense na God bring terwyl sy hart maar aanhou om sonde en onreg te koester, is heeltemal waardeloos in God se oë. God verwerp sulke offers! Om “godsdienstig of religieus” te wees, byvoorbeeld deur één God te bely, twee keer per week te vas, drie keer per dag te bid, drie pelgrimsreise per jaar na Jerusalem te maak, en een tiende van jou inkomste aan die armes te gee, is volkome waardeloos in die oë van die God van die Bybel as jy haat in jou hart koester teen 'n ander of as jy in 'n “heilige oorlog”² teen ander uittrek.

(3) Die tyd vir versoening is altyd onmiddellik!

Ontdek en bespreek. Hoe kan ons wat hierdie Bybelgedeeltes leer vergelyk met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

- **Lees** Romeine 12:18. Wanneer jy alles in jou mag gedoen het om versoening met jou teenstander te bewerkstellig en hy bly weier om te vergewe of te versoen, dan rus die skuld op hom alleen. Bly egter vir hom bid (Lukas 6:27-28).
- **Lees** Spreuke 27:1; Lukas 4:18-19 in vergelyking met Jesaja 61:2; 2 Korintiërs 6:2. God waarsku telkens weer teen uitstel! Stel 'n belangrike besluit nooit uit tot môre nie, omdat môre te laat kan wees! Die tyd om belangrike besluite te neem, soos bekering, geloof en versoening met 'n broeder of suster, is altyd NOU!

² Heilige oorlog = jihad.